

# JAARVERSLAG: Piet Grové

## PRESIDENT SA Boerperd Telersgenootskap: 2012/3

### September 2013

#### INLEIDEND

Dit was vir my 'n voorreg om die afgelope jaar as president van die SA Boerperd Telersgenootskap op te tree. Van meet af aan, was my bestuur-styl die van deelnemende bestuur en deursigtigheid. Die span Raadslede wat my ondersteun het, het my hulle volle samewerking gegee en hulle uitstekend van hulle taak gekwyt - dikwels onder moeilike omstandighede. 'n Span is altyd net so sterk soos die swakste skakel – wat ons nie hier ervaar het nie. Portefeuljies het mekaar in 'n sekere mate oorvleuel om daardie moontlikheid te kon uitskakel. Ons moet met dankbaarheid aanvaar dat alle Raadslede hulleself beskikbaar gestel het om die werk aan hulle opgedra vrywillig en sonder betaling te doen en dat ons daarom soms vir mekaar moes instaan. Elke Raadslid het sy/haar ekspertise na die tafel gebring en dit was verfrissend om hulle insette te kon implementeer. Die kapasiteit van die span is werklik heelwat groter as slegs die somtotaal van die individuele lede.

Deur die jaar was dit my motto dat die Raad die sake en take aan ons opgedra deur die lede van die Telersgenootskap ten beste van ons vermoë sou uitvoer. Soms het dit baie kopkrap en kreatiewe denke behels, maar nadat daar deeglik oor gedebatteer is, sou die Raad dan as eenheid funksioneer en uit een mond, met een doel voor oë optree om hulle pligte uit te voer en vrae te beantwoord. Die mandaat van die Raad is immers om die besluite waarvoor die lede gestem het op AJV's nougeset uit te voer. Daaraan kan NIE verander word nie. Soos ons dan ook hierdie besluite tot uitvoering moes bring deur die jaar, kan ek dit nie genoeg beklemtoon dat lede vir die toekoms baie goed moet besin oor voorstelle en die uitvoerbaarheid van punte onder bespreking op AJV's nie. Hou ook 'n begroting hiervoor in gedagte. 'n Besluit wat op 'n AJV geneem is, staan vir 'n JAAR – dit kan nie voor die volgende AJV herroep word nie.

Baie dankie aan die Dagbestuur Frikkie Combrink, Jan Joubert en Heleen Pope wat soms op onmoontlike ure en tye gereed moes staan om dringend te vergader en besluite te neem. Dankie Heleen vir die noukeurige byhou en dokumentering van alle Dagbestuursbesluite. Alle dagbestuursbesluite is aan die begin van elke Raadsvergadering volledig aan die Raad voorgelê vir goedkeuring.

#### BEDANKINGS

Diederik Cloete het, as gevolg van persoonlike redes van die Raad bedank met onmiddellike effek. Dawid de Wet is geko-opteer om sy portefeulje te vul tot Mnr. Cloete se termyn in 2014 verstryk. Mnr. Cloete se portefeulje was *Opleiding & Kursusse*. Portefeuljies word natuurlik elke jaar na die Raadsverkiesing hersien deur die president.

Ook Charles van Schalkwyk het a.g.v. werksdruk kennis gegee van sy bedanking van die Raad waar hy die portefeulje *Reklame & Bemarking* beklee het. Hy sal egter die jaar voltooi. Baie dankie Charles, vir jou harde werk en positiewe insette.

#### SA STAMBOEK & ADMINISTRASIE

Die SA Boerperd Telersgenootskap is onlosmaaklik verbonde aan SA Stamboek. Dit het egter in die verlede gebeur dat baie van die administrasie oor die jare agter geraak het. Vervolgens is dit dan nou ook vir my aangenaam om te kan verslag lewer dat die meeste van die agterstallige werk t.o.v. DNA's en CEM sertifikate afgehandel is. 'n Knelpunt t.o.v. die registrasie van vullens bly maar egter CEM sertifikate wat moeilik is om te verifieer aangesien ons nie direkte toegang het tot Onderstepoort se

databasis nie. Elke hings se CEM status moet jaarliks *telefonies* bevestig word met 'n klaringsnommer. U sal sien dat sommige vullens se registrasie dan ook as gevolg hiervan nog as PENDING op Logix of by Unistel aangegee word. Daar is ook gevalle waar uitstaande dekking sertifikate en ongeverifieerde DNA's 'n vul se aantekening as PENDING deurgee. Verder sal die skou-resultate van die afgelope 10 jaar dan ook mettertyd op Logix gelaai word.

## **FINANSIES**

Finansieel was dit oor die algemeen vir almal 'n moeilike jaar. Die kontantbasis-stelsel soos verlede jaar by die AJV ingestem werk nie so goed soos ons verwag het nie. Met die skryf van hierdie verslag was daar steeds ± R500 000.00 uitstaande debiteure. Lede wie se rekeninge ver agterstallig was, het wel 6 maande gekry om rekeninge reg te stel, waarna dienste, indien nodig, opgeskort was, soos besluit op die vorige AJV(2012).

Soos in 2012 kon ons geen borg bekom vir vanjaar se Nasionale skou nie. Jan Joubert se verslag sal meer detail gee hieroor, asook die res van die finansies.

## **KEURINGS**

In die geval van keurings het ons totaal nuwe grond betree waar ons vir die eerste keer n.a.v. die AJV 2012 besluit het op 'n sentrale hings-keuring, wat toe wel te Franksfort (Vrystaat) plaasgevind het. Dit het nie sonder kopkrap gepaard gegaan nie. Vyf senior keurders het die perde onafhanklik gepunt. Geen perd is afgekeur nie, maar die perde wat nie genoeg punte gehad het om gebrand te word nie, kry wel die geleentheid om weer volgende jaar aansoek te doen vir keuring. 'n Totaal van 110 Hingste het aansoek gedoen vir keuring, waarvan 64 hingste op die ou end opgedaag het. Daar was groot entoesiasme onder die lede en die slaagsyfer was 80%. Die nuwe lede het kans gekry om met die keurders te praat en te leer waarvoor om te kyk wat beweging en konformasie betref. Baie dankie aan Dirk Odendaal en sy span op die keurders-komitee, sowel as ander Raadslede wat hard gewerk het om die geleentheid moontlik te maak.

Vir die keuring van die merries en reuns is daar van 14 keurders gebruik gemaak. Die keurders is in groepe verdeel en keuringstoere is onderneem na Gauteng, Mpumalanga, Limpopo, Kwa-Zulu Natal, Vrystaat, Wes-Kaap en Noord-Kaap. Meer hieroor in Mnr. Dirk Odendaal se verslag.

## **SAEA, SAEF & MERIETE / EREKLEURE**

Met die herstrukturering van die SAEF (voorheen SANEF) soos deur wetgewing bepaal, het die SA Boerperd Genootskap die inisiatief geneem 'n kollektiewe assosiasie vir Telersgenootskappe stig. Hierdie was die gevolg van 'n vergadering met die SAEF se bestuur met Dr. Pierre van Rooyen (direkteur van SA Stamboek) en Mnr. Michiel Burger (perde verteenwoordiger: SA Stamboek), asook Mnr. Jan Joubert (SA Boerperd Genootskap). Op 6 Junie 2013 is daar tydens 'n spesiale Forum 'n komitee verkies wat namens die gesamentlike perderasse

'n plek sal beding vir Telersgenootskappe in die nuwe SAEF struktuur. Met Michiel Burger se dubbele rol as Perdevertegenwoordiger by SA Stamboek en sy betrokkenheid as lid van die SA Boerperd Telersgenootskap, sowel as Jan Joubert se dubbele rol as Raadslid by die SA Boerperde en SANESA, is ons strategies besonder goed geplaas op hierdie komitee en dus verseker dat ons belange op die hart gedra sal word. Daar word verplan dat die onderskeie telersgenootskappe gesamentlik as assosiasie op dieselfde vlak as die onderskeie dissiplines soos bv. *dressage*, skou-spring, polo, *driving*, *western riding*, ens. sal funksioneer. Alle aktiewe beoordelaars moet dan ook inskakel by die struktuur van die SAEF d.m.v. die Beoordelaarsvereniging.

Dit is verblydend om te sien hoe ons ras sy plek al meer volstaan in die buite-wêreld. Daar is ± 160 SA Boerperde wat deurgedring het na die Nasionale SANESA Kampioenskappe. Baie geluk aan die die kinders wat ons ras so goed vertoon. Dan is daar ook perde wat Boerperd-tipe kruisings is. As mens ook die deelsgeteelde SA Boerperde bytel is die totale aantal perde wat deelgeneem het aan die SANESA

liga ± 5800. As 'n mens kyk na hierdie syfers, is die SA Boerpoerd die ideale perd in hierdie milieu en SANESA is dus 'n goeie bemarkingsgeleentheid vir telers.

Heleen Pope het haar plek vol gestaan by die SAEA, SANESA, ESSASA, ens. Die verwerking van erekleure en merietes is 'n administratiewe nagmerrie. Dit neem dae en nagte om alles te finaliseer en te verifieer. SAEA, sowel as SANESA stelsels moet nagegaan word en dit is 'n uiters tydrowende proses. Mense besef nie altyd hoeveel ure se werk daarin gaan voor die sertifikaat van meriete en/of erekleure uiteindelik oorhandig word nie. Van ons kant af, wil ons aanbeveel dat alle lede wat in die toekoms aansoek sal doen vir meriete, hulle skourekords wel op 'n georganiseerde wyse soos bv. in excel sal byhou. Skakel gerus vroegtydig en aan die begin van die skou-jaar vir hulp hiermee.

### **SKOUE & KAMPIOENSKAPPE**

Die portefeulje vir skoue en kampioenskappe is die afgelope jaar deur Frikkie Combrink en die skou-komitee, soos verlede jaar tydens die AJV gekies, hanteer. Baie dankie aan almal van julle wat baie ure spandeer het om ons skouprogramme te standaardiseer en te kompakteer. Daar gaan 'n klomp werk in die organisasie van 'n skou en elke streekskou is 'n in die klein 'n toetslopie vir die Nasionale Skou. Skou-reëls wat beter omskryf word, is die gevolg van vrae wat ontstaan tydens skoue. Dit behoort in 'n positiewe lig gesien te word. Indien daar misverstande en/of verskillende interpretasies van dieselfde skou-reël is, beteken dit net dat om dit duideliker omskryf moet word. Dit gaan nie hier oor persoonlike agendas nie, maar oor die verbetering van die stelsel. Verandering is immers 'n teken van groei, maar daarmee gepaard gaan ook altyd 'n sekere mate van weerstand.

Ten spyte van die SANESA Nasionale Kampioenskappe wat hierdie jaar met die Nasionale SA Boerperd Kampioenskappe oorvleuel, toon ons steeds 'n groei van ± 10% vanaf verlede jaar se inskrywings van 240 perde, na hierdie jaar se inskrywings van 265 perde.

### **SKAKELING, DIENSLEWERING, NUWE LEDE**

Lomon Terreblanche het hierdie jaar uitstekende werk gedoen met sy ondersteuning van nuwe lede. Die statistieke wys dan ook 'n aansienlike toename in skou-lede wat aangesluit het by ons Genootskap. Dankie Lomon, dat jy altyd gereed is om jou ekspertise en jare lange ondervinding m.b.t. teling, keuring en beoordeling t.o.v. ons ras met nuwe lede, sowel as die jeug te deel.

Die SA Boerperd Telersgenootskap het reeds 4 Nuusbriewe sedert September 2012 die lig laat sien. Petro Grové in samewerking met Mnr. Charles van Schalkwyk stel die nuusbrief saam. Bydraes van ander lede, onder wie die voorsitters van die onderskeie klubs, vorm ook deel van die kwartaallikse nuusbrief. Die doel van die nuusbrief is om die lede op hoogte te hou t.o.v. bestuursake, asook nuwe verwickelinge. As 'n mens dus die nuusbrief sou kon opsom, sou dit ook as verslag van die Genootskap se bedrywighede kon dien.

### **REGULERENDE STELSLS & ADMINISTRASIE**

Die portefeulje van Reëls en Regulasies asook die administrasie daarvan is deur Johannes Langenhoven hanteer. Dit is 'n moeilike en groot portefeulje. Deur kritiese analisering van die inhoud van hierdie dokumente word dit deurgaans verbeter. Baie dankie vir jou ontledings en lang ure se kopkrap met die hersiening van die skou-reëls.

### **REKLAME & KOMMUNIKASIE**

Sedert die ontwerp van ons nuwe webblad o.l.v. Lisa Verwey by SA Stamboek, was daar reeds 15 103 besoekers op ons webblad. Lisa behartig die bestuur van die webblad en alles wat daarop geplaas word, word d.m.v. die kantoor, maar met die Dagbestuur en persone soos deur die Raad aangewys se goedkeuring daarop geplaas.

Ons het op 'n gereelde basis ook foto's en advertensies in die HQ, HQ Pony en Landbou Weekblad gehad. Dit is harde werk om gereeld nuwe foto's te bekom om advertensies altyd vars te hou. Baie dankie vir jou harde werk in die verband Charles.

Ons amptelike Facebook blad die SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP het tans 194 lede. Ander nie-amptelike meer informele Facebook bladsye floreer ook met die volgende ledetalle (*friends*):

SA BOERPERD : 604.

SA BOERPERD PICTURES & SALES : 450.

Ek wil egter hiermee 'n beroep op alle lede doen om hier verantwoordelik om te gaan met kommentaar en gesprekke. Dit is tot ons almal, sowel as ons ras se voordeel om positief te bly en nie onnodige negatiewe kommentaar te plaas nie. Hierdie webbladsye word bestuur deur Charles van Schalkwyk en Heleen Pope.

### **KWALITEITSBEHEER**

Wat sal ons maak sonder Oom Jan van der Wath se diepe insig? Wat hy al lankal vergeet het, moet ons nog leer. Dankie Oom Jan, vir jou betrokkenheid by die keurders-komitee, as beoordelaar, sowel as al die raad en insig. Dankie dat jy ons altyd herinner aan waar ons vandaan kom sodat ons die toekoms beter kan beplan.

### **RUITERKUNS SPAN**

Met die bedanking van Liezelle Whitehead in die begin van die jaar om persoonlike en aanvaarbare redes, moes ons inderhaas probeer om datums met die Morgans VSA vas te maak. Me. Whitehead het al probeer om dit gedurende September 2012 te doen, maar hulle het nie daarop gereageer nie. Ten spyte van onderhandelings onder andere direk met Julie Broadway, asook d.m.v. George Borchards, wou die USA Mogan Horse Society hulle nie verbind om na Suid – Afrika te reis nie.

Carel Meintjies is intussen as spanbestuurder vir die Ruiterkuns-span aangewys. Ons het van daar af voortgegaan en probeer om *Morgan Horse Societies* in Europa, bv. in Duitsland, te kontak om sodoende 'n internasionale kompetisie vir die ruiterkuns span te kon reël. Nodeloos om te noem is dit te laat om eers in Januarie / Februarie met sulke beplanning te begin. Almal se kalenders is reeds vooruit beplan en dit is baie moeilik om dit met ons sin te sinkroniseer. Daar is egter nou die vooruitsig dat die reeds gekose Ruiterkuns span van 2012 wel in die VSA gedurende Januarie/ Februarie teen studente in ruiterkuns kan kompeteer. Indien dit die geval is, sal hulle egter nie Protea-kleure daarvoor kan verwerf nie, aangesien u reeds gesien het hoe die strukture werk en Protea-kleure slegs deur SASCOC toegeken kan word. Daarom is daar besluit om nie hierdie jaar 'n nuwe span te kies nie. Ons wil graag vir die ruiters wat verlede jaar gekies is wel die geleentheid gee om internasionaal te kan kompeteer.

### **JEUGRAAD & JEUG-AKSIE**

Die SA Boerperd Telersgenootskap sien ons jeug as die leiers van die toekoms. Daarom is besluit om tydens elke Streekkampioenskap spesiaal vir die jeug 'n sosiaal-opvoedkundige aksie te reël. Die sosiale kant is daar om mekaar beter te leer ken en sommer net goeie sportmansgees te kweek. Die opvoedkundige been is deel van die aksie om hulle te ondersteun en te ontwikkel t.o.v. sekere vaardighede en kundighede in ruiterkuns, skou-etiket, rasstandaarde, ens. Indien ons ons jeug bemagtig met relevante inligting, sal hulle ons ras vorentoe op 'n verantwoordelike wyse kan uitbou en ontwikkel. Met die uitsondering van Kwa-Zulu Natal, was daar was dan ook by elke Streekkampioenskap van 2013 so 'n jeug-byeenkoms. Daar is 'n spesiale Facebook-blad (wat nou 64 lede het) geskep, waar die jeug met mekaar kan kommunikeer. Hulle word aangemoedig om foto's te plaas van hulle perde, asook die skoue en uitslae daarvan met ons te deel. Hulle is immers in die buite-wêreld almal deel van dieselfde span, nl. die SA BOERPERD span. Die web-blad, asook die jeug-aksies word gedryf deur die Jeugraad o.l.v. Petro Grové en Riana Pretorius. Die Jeugraad bestaan uit SA Boerperd Ruiters wat hulleself al bewys het in ruiterkuns en dan ook gekies is om internasionaal teen ander rasse deel te

neem – dus rolmodelle vir die jonger ruiters. Die JeugRAAD het ook 'n geslote Facebook –blad waar net hulle net met mekaar kan kommunikeer om sake te reël en kennisgewings te plaas.

### **NAVORSING**

Sedert 2012 is die SA Boerperd Telersgenootskap betrokke by 'n navorsingsprojek wat gelei word deur Dawn Mansfield van die Tswane Universiteit van Tegnologie (Pretoria). Dit sal die eerste keer wees dat 'n reeds ontwikkelde model wat die beweging van perde evalueer en vergelyk met bouvorm, op die SA Boerperd toegepas word. Reeds tydens die Nasionale Skou 2012 het Me. Mansfield en haar span 'n toets "laboratorium" opgerig vir die meet van verskillende tipes perde se bouvorm en beweging d.m.v. foto's en video-materiaal. Gedurende 2013 het sy voortgegaan daarmee en ook tydens die sentrale hingskeuring data in die verband ingesamel. Ons sien baie uit daarna om die gevolgtrekkings en aanbevelings van haar navorsing in die toekoms in ons teelprogramme te kan toepas om sodoende ons relatiewe jong ras te verbeter. Dit is 'n voorreg om 'n vennoot in die projek te wees.

### **VEILINGS**


Die Genootskap het die Jaar vir 'n totaal van 5 veilings as beskermheer opgetree. Met die aansoek om 'n veiling het die Raad 'n Beskermheer aangewys en die beskermheer moes na afloop van die veiling verslag doen aan die Raad. Die doel van die Beskermheer is om die identiteite van elke perd te verifieer. Die verslae het getoon dat die perde baie goed voorgebring was en dat daar besondere belangstelling is in geskoolde perde. Dit is egter duidelik dat die ekonomiese toestand waarin ons land tans verkeer wel 'n invloed het op die algemene verkope van perde by veilings.

### **SEKRETAARSE**

Dit gaan dikwels dol in ons kantoor by SA Stamboek. Elize moes hierdie jaar, met die uitsondering van die Riversdal Kampioenskappe, al die streekkampioenskappe bywoon om te tabuleer, asook al die administrasie te behartig. Dit is 'n groot werk. Ons beplan daarom om iemand in elke streek op te lei om die skou-administrasie self te behartig. Sodoende kan Elize ook haar tyd meer effektief in die kantoor benut. Alle korrespondensie rakende die SA Boerperd, asook met die webblad gaan deur Elize se hande. Dit is 'n baie besige kantoor. Elize, baie dankie vir jou lojaliteit, ondersteuning en harde werk gedurende die jaar.

### **TEN SLOTTE**

2012/3 was 'n besige jaar waarin ek oneindig baie ondersteuning van die Raad, sekretaresse en lede, asook my baie spesiale Hoefstraat span ervaar het. Ten spyte van aantygings wat gemaak is teen die nuwe Raad wat nie die mas sou opkom nie, beskou ek dit as 'n vreedsame jaar waar baie brûe gebou is. Ons kan nie bekostig dat persoonlike vendettas die vooruitgang van die ras en sy lede beïnvloed nie. Dit is nou 'n tyd om saam te staan en vir die toekoms te beplan. Baie dankie aan almal wat hulle vertrou in my gestel het om as President van hierdie baie spesiale Telersgenootskap te kon optree.



Piet Grove: President 2012/3